


KAMBRO

**‘n geskiedenis storie in ligte trant**

## Met toestemming van Francois Stemmet is die skrywersverhale wat aan Montagu en distrik gekoppel is, uit sy boek Kambro onttrek

### My naam is Van der Colff Agterveld (naby Laatsrivier)

Die Van der Colff’s was ‘n hegte familie. Sout van die aarde, goeie Christenmense. Lalie Van der Colff het haar kinders volgens die Boek grootgemaak en geen afwyking geduld nie. Maar sy was ‘n baie besige vrou, ek meen hulle was sulke orrelpypies, die kinders. Waar sy tyd vir ander dinge soos werk gekry het weet ek nie. Eers Dienie, dan Gert, Willem, dan nog ‘n paar en dan Katriena. En  Lang-Gert moes werk dat dit bars om al die bekkies te voer.

Die man het so ‘n swaktetjie gehad as hy stap. So elke paar treë was dit asof sy een  been so ‘n styftetjie ontwikkel het en dan  het hy so ‘n huppelstappie gegee. Tog te komieklik as jy hom sien stap. Dit het natuurlik gemaak dat die mense hom vreeslik gespot het. En die vreeslikste byname. Alles in baie goeie gees bedoel natuurlik, maar sulke goed gaan sit mos nou nie in ‘n man se klere nie.  Later was hy heeltemal sku vir die dorp. Hy’t maar sy goedjies van die dorp af laat kom saam met bure en so aan en later toe die kinders groter was, het hy maar vir Klein Gert gestuur. Maar so ‘n ding maak ‘n mens se
wêreld klein en afgesonder.

Wat ek julle eintlik wil vertel is van die dag toe hy die waatlemoenland gereed gemaak het vir plant. Dit was ‘n groot land en as jy skielik moes wegkom, dan was dit ‘n aardige entjie om te loop. En nou moet julle onthou, die mense in daardie kontrei het nie baie dinge van buite gesien nie.

Al wat hulle gehad het vir ‘n bietjie kontak met die buitewêreld was die ou Westinghouse draadloos wat met ‘n kar se battery gewerk het. En die meeste van die tyd was die battery pap. Ek praat nou van die tyd nog voor die soort met die groen *magic eye* uitgekom het. Ek meen, later, as jy ‘n draadloos met ‘n *magic eye* gehad het, dan was jy hoog op.

Maar met hierdie lang aanloop wil ek nou uitkom by die feit dat daar min mense in die kontrei was wat al ‘n vliegtuig gesien het en Lang-Gert Van der Colff was een van hulle. As jy hom vertel het dat daar hoegenaamd ‘n vliegtuig bestaan, sou hy jou wragtag by die kerkraad aangegee het. Nee, met Lang-Gert loop jy ‘n pad reguit, of jy loop hom gladnie.

Elk geval, dié dag het hy die werksmense gekommandeer om die waatlemoenland reg te kry. Hy't met 'n os en 'n Oliver-ploegie die land geploeg en dit was blerrie harde werk. Die os se naam was Donner. Nie omdat iemand hom moedswillig so gedoop het nie, maar wie ookal die ploeg se stert vasgehou het die dag, het 'n gewoonte daarvan gemaak om so 'n rympie op te sê met die ploegery. Seker nou maar om die tyd om te kry, maar die rympie was iets soos, 'Laat waai oubaas se ossie, laat waai jou ou donneeer.' Die 'ner' is so lank uitgerek en die dier het later net op daardie woorde gereageer. Moenie dink jy kon net sê 'donner' nie, dit moés 'donneeer' wees, anders staan hy botstil. So, ou Lang Gert het nie eintlik 'n keuse gehad nie. Hy moes maar inval by die rympie, anders het Donner nie getrek nie en die waatlemoenland sou net so bly lê het en daar's baie bekkies om kos te gee.

Kyk, uit sy eie uit sou hy nooit sulke tale gepraat het nie. En elke dag het hy skuldig gevoel daaroor en hy't geweet, eendag is eendag dan sou hy moes verantwoording doen vir sy dade. Hy het net nie gedink dit sou op die manier kom wat dit op gekom het nie en toe dit gebeur toe onthou hy mos daardie gedeelte in die Boek wat sê daar is niemand wat weet wanneer die einde kom nie.

Die arme Lang Gert loop nog so met die ploeg en Donner vooraan, toe hoor hy 'n vae gebrom in die verte. Eers net so effens, dat jy net nie die rigting kan bepaal nie. Hy stop die os en staan en luister fyn. En toe sien hy dit. 'n Ding daar in die verte na die dorp se kant toe, in die lug net so skuins bokant die horison. Hy maak sy hand so bak oor sy oë en kyk stip daarna. Eers dag hy dis 'n voël, maar dis onmoontlik. G'n voël maak so 'n snaakse geluid nie. Nee, dit lyk eerder na 'n springkaan, maar dan moet dit 'n moerse groot springkaan wees. Nee, dis ook nie 'n springkaan nie.

Hoe dit ookal sy, die ding kom nader en hy kom reguit na hom toe. Hy kyk vir die ding en hy kyk na die rand van die land waar daar darem wegkruipplek is. Lang Gert Van der Colff is nie 'n man vir 'n bakleiery nie. Sy laaste fight het hy gewen…met omtrent 'n honderd tree. Nee, hy kyk die ent na die bosse toe so en hy weet vooraf hy gaan dit nie maak nie. Maar laat daar nooit gesê word hy't nie probeer nie. Hy los vir Donner en die ploeg net daar in die land en hy druk sy hoed vas op sy kop en hy hol. Eers in die een rigting en dan sien hy dis te ver. Hy spring om en mik vir die bosse nader aan die huis se kant, maar hy kom vinnig agter hy gaan dit nie maak nie. Nou hou hy die springkaan hier bo hom dop so uit die hoek van sy oog en die ding pyl reguit op hom af. Die vlieënier het natuurlik agtergekom wat aan die gebeur is en besluit toe om 'n bietjie sports te maak. Hy duik reg op Van der Colff af en swaai dan kort bokant hom weg, maak 'n draai en kom weer. So met die duik gly Lang Gert se voet in die los grond en hy slaat soos 'n os neer. As Dominee die grieks gehoor het wat Lang Gert daar gepraat het was hy lewenslank geskors. Sy natgeswete gesig is vol grond toe hy opspring en verder hardloop. Nog steeds met die griekse rympie net vir back-up. Die sop spat omtrent soos Lang Gert dink, maar hy kan nie uitwerk wat nou aan die gang is nie. Kyk, een ding is seker, dis nie 'n voël nie en dis ook nie 'n springkaan nie. Dan kan dit net een ding wees en laasweek se preek speel woord vir woord in sy kop af. 'Ons moet gereed wees, broeders en susters, want ons ken nie die uur nie.'

Lang Gert besef hy het aan die einde van sy pad gekom en toe die vliegtuig weer 'n keer so kort bo sy kop verby vlieg, gaan staan hy en lig sy hoed eerbiedig en sê met alle moontlike respek,

"Dag Here Jesus, ek is Van der Colff."

--oOo--